# *Loergaatjie op ons Lewens*

*Hindenburgstr 36, 70825 Korntal, Duitsland . Tel:+49 711 839651602 . mengessandra@gmail.com*

Mei 2015

Liefste Julle!

Die aandstilte daal so stadig oor ons. Ons kinders slaap al of lees nog 'n stukkie in die sitkamer. Tobias is vanaand by sy ma om haar te help met dingetjies wat sy nie meer so lekker alleen kan doen nie. Ja, ons is terug van Suid-Afrika en het ons Duitse ritme weer gevind.

Oor ons tyd in SA is ons baie dankbaar. Dit was absoluut perfek! Al wat ons anders sou wou hê, was meer tyd om met meer mense te kon spandeer. My hart is diep geraak oor die baie liefde en omgee wat ons weer eens kon beleef. Dis 25 jaar wat julle saam met ons gelag en gehuil, gebid en gegee het. En na al die jare is julle steeds bly om ons te sien, steeds geïnteresseerd hoe dit met ons gaan, steeds bereid om dit wat God aan julle toevertrou het, met ons te deel. Dit laat my huil van vreugde. Ek kan nie vir julle sê hoe baie sendelinge wêreldwyd net droom van dit wat ons in julle het nie. So baie, baie dankie. Dis so ongelooflik kosbaar!

Dis moeilik om die dinge te beskryf wat ons gedoen het. Om eerlik te wees, meeste van ons ure het in tyd met mense ingegaan. Dit is ook hoekom ons gekom het. Kort voor ons na SA gevlieg het, het 'n maatjie gevra: "nou watse werk moet jou ouers in SA gaan doen?" Ilana antwoord toe droogweg dat ons heeldag gaan koffie drink en koek eet. Mmm … ek wonder hoe het die Duitse koppie die inligting in kategorie 'werk' gesorteer?! Maar dit was eintlik 'n akkurate opsomming. Ek is weg uit SA met 'n verwondering oor dit wat God in julle doen. Sedert ons laaste besoek in 2011, het baie van julle deur baie harde en moeilike tye gegaan. Die keer het ek gesien hoe julle skitter omdat julle toegelaat het dat God die ervarings gebruik om julle in goud te verander. Ek het stories gehoor uit julle lewens wat my laat regop sit het. Weet julle hoe ryk julle geword het in julle ervaring met God? Ander is nog in die swaarkry. Vir julle sal ons verder individueel bid. Dankie dat julle ook aan ons 'n stukkie van julle lewens toevertrou het! Mag ek julle vra om in die toekoms ook aan ons te vertel as julle gebed nodig het? Ons sal so graag wil help deur saam te bid.

Twee hartseer dinge het ons raakgesien. Toe ons in 2011 hier was, het ons baie vreesbevange mense ontmoet. Die onrus en moorde in die land het van julle bang gemaak. Die keer was dit anders. Die keer het ons baie mense ontmoet wat nogal nie meer hoop het vir ons land nie. Die bang is weg, 'n hopeloosheid lê in die lug. Ek verstaan dat dinge kompleks is. Ek probeer gereeld SA se nuus te volg. Ek dink die hele wêreld is die jaar komplekser as in 2011. Maar ek wil julle graag moed inpraat. In voorbereiding op n Bybelstudie het ek studies gaan soek wat te doen het met die mag wat ons woorde op ons het. Positiewe woorde en gedagtes aktiveer die sentrum in ons brein waar ons motivering en uithouvermoë vandaan kom. Negatiewe woorde en gedagtes produseer chemikalieë wat ons lam lê – dis nou in absolute leketaal. Ons kan nie veel aan die omstandighede verander nie, maar kom ons werk aan hoe ons daaroor praat en hoe ons daarvoor bid. Ter wille van ons en ter wille van ander om ons. Fil 4:8 is ons uitdaging, nie ons omstandighede nie. OK, ek daag myself ook uit hiermee…

Die tweede ding wat my opgeval het, is dat ons die keer meer mense – gelowiges - ontmoet het wat ernstig twyfel oor God se bestaan as ooit tevore. Ek glo dat die blootstelling aan inligting-sonder-einde en 'n toenemende behoefte om dinge regtig te verstaan en nie net te volg nie, die oorsaak is van die verandering. Bid vir mekaar. Dit is so belangrik dat die brug geslaan word tussen die kennis waarmee ons grootgeword het aan die een kant en ons persoonlike ervaring van God aan die ander kant. Net dan is ons geloof regtig ons s'n. Ek glo die krisis kan ook God se kans in mense se lewens wees.

Ons familie reünie was baie, baie kosbaar. Ons kinders het hulle nefies en niggies verskriklik geniet. Daai 'sien waar ek vandaan kom en waarvan ek deel is', was 'n groot seën vir ons al 5. Ons het baie gelag, diep gesprekke gehad, lekker gebid en saam in die golwe gespeel en natuurlik geëet. Ons het ons lewens en ons harte gedeel en ons het pret gehad. Daar was baie goue oomblikke wat ons saam beleef het –soos toe ons Goeie Vrydag saam op die strand ons eie erediens gehou het. My sus het vir hulle kerkblad 'n beriggie daaroor geskryf – hierby aangeheg sodat julle 'n stukkie saam mag ervaar.

En nou is ons terug. Ons voel vol vreugde en ryk aan ervarings. Die lewe en ons werk gaan aan. Tobias het dadelik ingespring en die laaste voorbereidings gedoen vir 'n kursus wat hy laas week aangebied het. Die week is hy besig om administrasie te doen en veral nuwe sendingorganisasies bewus te maak van die goue geleentheid wat studies aan hulle sendelinge kan bied. Na werk het hy begin betrokke raak in die aanbieding van 'n Alpha kursus hier in ons gemeente en is ook besig om 'n man wat God wil leer ken, te begelei. Bid asb daarvoor. Ons hoop dat 'n manne-selgroep daaruit kan ontstaan.

Ek het na baie stampe en stote tot die gevolgtrekking gekom dat ek en my liewe kollega nie saam kan werk in KREAtief nie. Twee begaafde, liewe vroue (dis nou ek en my kollega), een visie en twee uiteenlopende maniere om dit aan te pak. Ek het besef dat KREAtief self 'n groter kans het om regtig 'n verskil te maak, as een van ons dit doen as ons twee saam. Ek het daarom nou heeltemal uit KREAtief bedank en werk nog tot einde Mei daar. Daarna sal ander vroue in die gemeenskap my rol oorneem. Bid asb daarvoor. Ek wil so graag hê dat God KREAtief gebruik tot Sy eer hier in ons omgewing. En ek is 100% tevrede as God dit sonder my doen.

Ek spandeer my dae met dit wat die lewe so oor my pad bring. Een van my mentorverhoudings is afgesluit, daar is nog twee vrouens wat ek begelei op n maandelikse basis. Intussen werk ek hard om my studies klaar te maak (hopelik Desember). Nog iets waaraan ek baie tyd spandeer, is die voorbereiding van Bybelstudies. My eie Dinsdagoggend groepie, maar ook 'n groter projek. 15 – 17 Junie is ek die spreker by Wycliffe se Retreat in die Swartwoud. Ek het drie twee-uur sessies oor die tema: 'Klim uit die boot'. Hiervoor het ek definitief gebed nodig. Ek het 'ja' gesê om vir 'n groep sendelinge met God se Woord te bemoedig. Eers na die tyd het ek besef dat die sendelinge Bybelvertalers is… Ek 'smile' oor God se sin vir humor. Maar ek is nie bang nie, net baie afhanklik van God – en dit is 'n goeie plek om te wees…. Definitief!

Ons is lief vir julle! BAIE!!!!

Tobias en Sandra met Annelie, Ilana en Liesl Menges

Fillipense 4: 8 "Verder, alles wat waar is, alles wat kosbaar is, alles wat reg is, alles wat mooi is, alles wat skoon en rein is, alles wat lofwaardig is, daarop moet julle julle toespits – en God wat vrede gee, sal by julle wees!"